

Gaan honde hemel toe?

(Saamgestel deur Dr. Leon Pienaar)



Dit blyk dat die Bybel nie aan ons uitdruklik en duidelik die antwoord op hierdie vraag gee nie. Tog as ons dieper as die ooglopende delf in die Bybel is dit tog moontlik om 'n redelike goeie antwoord te kry.

1. Wat sien ons as ons na die hemel kyk deur Bybelse oë? Lees en gesels oor die volgende skrifgedeeltes?

Ons wonder altyd hoe die hemel lyk, wat gaan daar gebeur en wie gaan almal daar wees? Gaan ons Jesus van aangesig tot aangesig sien? Wat van ons geliefdes? Is dit 'n plek met goue strate? Staan daar hondehokke van goud rond? Wat eet almal? Maak nie saak wat ons sien nie, dit is huidiglik beperk tot ons menslike verstand en dis moeilik om dit voor te stel. **Openbaring 21:4** gee vir ons egter 'n sleutel. Daar sal geen dood of pyn meer wees nie. Totale vreugde is net iets wat deur God verstaan kan word, veral omrede ons in 'n gebroke wêreld met sonde en pyn leef. Hoe lyk 'n wêreld sonder dit? Nie iets wat die mens kan verstaan nie. Dis hoekom Paulus in **1 Korintiërs 13:12** vir sê dis eintlik maar soos 'n spieël in 'n raaisel. Ons kan net ten dele sien hier op aarde. 'n Refleksie van 'n beeld in die spieël is tog nie die werklikheid nie. As dit 'n beeld van jou kind in die spieël is, kan jy dit tog nie optel en soen en rondswaai nie. Die prentjie wat ons van die hemel het is dieselfde - die werklikheid is soveel beter en groter as ons klein menslike gedagtes. Ons kan dus vandag slegs gedeeltelik sien en verstaan ...

2. Wie is dié wat in die hemel opeindig? Wat sê die volgende skrifgedeeltes hieroor?

Daar is slegs een ingangskartjie na die hemel - en dit is deur Jesus Christus. (**Johannes 14:6**). Elkeen wat met sy hart glo en met sy mond bely dat Jesus die Here is sal gered word. (**Romeine 10:9**). Hy wat in Jesus glo, sal nooit verlore gaan nie. (**Johannes 3:16**). Gebaseer op hierdie verse, asook dié in vraag 1 hierbo, kan ons sekere gevolgtrekkings maak. Die hemel is goed en nie sleg nie; daar is vreugde en geluk; dis waar God teenwoordig is in Sy heiligheid. Of ons nou diere daar sien of nie, daar sal geen hartseer

en pyn meer soos op aarde wees nie. Ingang na die hemel is vir diegene wat glo in Christus en Sy naam bely as die enigste Here. Dit is beslis twee dinge wat diere nie kan doen nie. Jesus het nêrens op Sy aardse bediening die Evangelie aan honde gebring nie. Inteendeel, in **Markus 5:11-13** het Hy selfs bese geeste bevel om in diere in te gaan, wat tot hul dood aanleiding gegee het. Ons sal egter eers moet wag en na nog 'n paar skrifgedeeltes moet kyk voordat ons summier 'n gevolgtrekking kan maak.

3. Met watter doel het God diere geskape? Was hierdie skepping en skeppingsdoel van diere goed in die oë van God? Lees die skeppingsverhaal in Genesis 1 - 2 en maak daarna 'n paar gevolgtrekkings vanuit hierdie skrifgedeelte?

God het al die diere op die vyfde en sesde dag geskape. Die waterdiere en die lugdiere op die vyfde dag en die diere op land op die sesde dag. Interessant is dat die diere op land op presies dieselfde dag as die mens geskape is. Heelwat geleerdes meen dat God dit opsetlik so gedoen het omrede Hy die besondere band en verhouding wat tussen mens en dier moes bestaan wou beklemtoon. Selfs simbolies was die betekenis dat dieselfde diere op die land dieselfde grond sou bewandel wat deur die mens bewandel moes word. Dis verder ook beduidend dat God Sy skepping van die diere as "goed" verklaar het. Moenie vergeet dat 'n teksgedeelte hierbo verwys het na alles wat in die hemel is was goed en mooi. Is dit dalk 'n parallel wat hier getrek word met die simboliek in die woord "goed"? Dis seker moontlik. Wat ons wel weet is dat God die diere geskape het sodat die mens oor hul moet heers en hulle moet versorg. Diere is dis 'n geskenk (gawe) van God; hulle is nie die mens se gelyke nie, maar tog bestaan daar 'n besondere verhouding tussen mens en dier.

4. Wat was God se standaard toe Hy die mens geskape het?

Die aarde, uitspansel, son, maan en diere is almal deur God geskape deur die spreuk van 'n woord. Hy het hulle "in bestaan" in geskape. Maar met die mens was dit anders. Hier was geen enkele woord genoeg vir God nie. Die mens was te belangrik in God se oë om op dieselfde wyse geskape te word. God het besluit om die mens te vorm en te maak na Sy eie beeld volgens **Genesis 1:26**. Hy het 'n ander benadering gevolg as wat Hy met enige ander skepsel sou volg. Hy neem stof en vorm die man en later vorm Hy die vrou uit 'n deel van die man. Hy blaas Sy eie Goddelike asem in die mens in. Hy het die mens geskape om 'n refleksie van Homself te wees, met kwaliteite wat geen ander wese het nie. Ek en jy het die asem van God binne ons en ons is die beeldraers van die Heilige God op 'n wyse wat geen dier ooit kon "wees" of "bestaan" nie.

5. Vanuit al die skrifgedeeltes hierbo, asook 2 Korintiërs 5:2 en Klaagliedere 12:7, watter gevolgtrekkings kan jy maak aangaande die siel van die mens? Motiveer jou antwoord.

Omrede jy die uniekheid van die beeld van God het, is ons mense die enigste inwoners op aarde wat 'n siel het. Ons siel is die gedeelte van ons menswees waar die Heilige Gees bewoon. Alhoewel dit deel is van ons, is dit baie meer as ons vlees en bloed. Dis 'n deel van ons wat moeilik is om te beskryf of selfs altyd te verstaan maar dit bestaan. Wanneer 'n siel wat gered is deur geloof en belydenis in Christus tot sterwe kom, beweeg dit hemel toe om 'n nuwe, volmaakte liggaam te ontvang. (**2 Korintiërs 5:2**). **Klaagliedere 12:7** beskryf dit as volg: "... en die stof keer terug na die aarde soos dit gewees het, en die gees keer terug na God wat dit gegee het." Ons het dus die Gees van God in ons en dit is ons gees wat terugkeer na God in die hemel. Diere het nie hierdie gees nie, want hulle is nie na God se beeld geskape nie, en dus kan dit nie volgens hierdie

teorie terugkeer na die hemel nie, wat dus die saak versterk dat diere (en jou hond) nie hemel toe gaan nie. Maar versigtig, onthou ons ken maar net ten dele in hierdie stadium.

In hierdie stadium van ons Bybelstudie lyk dit oorwegend of die antwoord “Nee” is. Dit lyk glad nie uit bogenoemde skrifgedeeltes dat dit die geval gaan wees nie. Maar

6. Is dit tog moontlik dat jou troeteldier in die hemel sal wees wanneer jy daar arriveer?

Daar is twee afsonderlike beskrywings in die Bybel wat betref die nuwe hemel en die nuwe aarde, waar die Bybel spesifiek aandui dat diere tog teenwoordig is. **Jesaja 11:6:** “Dan wei die wolf by die lam, en die luiperd gaan lê by die bokkie, en die kalf en die jong leeu en die vetgemaakte vee bymekaar, en ‘n klein seuntjie sal hulle aanja.” Vir drie verse volg hierdie mooi beskrywing van vredevolle verhoudings wat bestaan tussen verskillende spesies en dan vind ons ‘n soortgelyke skrifgedeelte in **Jesaja 65:25:** “Die wolf en die lam sal saam wei, en die leeu sal strooi eet soos ‘n bees, en stof sal die voedsel van die slang wees; hulle sal geen kwaad doen of verderf aanrig op my hele heilige berg nie, sê die HERE.” Hier word geen melding gemaak van huisdiere/troeteldiere nie, maar die feit dat diere wel genoem word beteken dat dit heeltemal moontlik is dat ons wel honde en katte in die hemel sal teenkom.

Gevolgtrekking:

Dit is feitlik al wat die Bybel oor hierdie onderwerp te sê het. Die hemel is ‘n baie beter plek as wat ons onself ooit kan voorstel terwyl ons op aarde woon. Dit is ‘n goeie plek, so goed soos Hy die skepping van mens en dier verklaar het. Dis ‘n plek van vreugde, en daarom is dit baie moontlik dat vanweë die feit dat troeteldiere aan ons vreugde gee, God hulle tog in die ewigheid saam met ons sal laat woon.

Ons sal nooit die volle antwoord ken voordat ons daar is nie, maar as kind van God kan jy vandag seker wees van die volgende: “Of jou hond of kat in die hemel gaan wees of nie, jy sal geen gevoel van verlange of seerkry ervaar nie. Daar sal geen gemis wees nie. God se teenwoordigheid sal vir jou genoeg wees.